

Wiskunde Graad 5

Kwartaal 1: Vaslegging optel en aftrek (getalle kleiner as 1 000 000)

Vraag 1: Rangskik die volgende getalle

1.1 In stygende orde

72 345; 71 999; 72 543; 71 909; 71 099

1.2 In dalende orde

233 320; 322 230; 323 320; 332 320; 233 230

Vraag 2: Voltooi die volgende

2.1 $5TD + 2D + 9H + 1T + 8E =$ _____

2.2 $5\ 000 + 80 + 20\ 000 + 400 + 2\ 000 + 10 + 9 =$ _____

2.3 $4D + 9E + 5HD + 3H + 6T + 2TD =$ _____

2.4 $5 + 40\ 000 + 600 + 6\ 000 + 100 + 4\ 000 + 30 =$ _____

2.5 $75\ 423 = (7 \times 10\ 000) + (5 \times \text{_____}) + (\text{_____} \times 100) + (2 \times 10) + (3 \times \text{_____})$

Vraag 3: Gebruik die syfers in die blokkie om die volgende getalle te vorm

64 709

3.1 Die grootste ewe getal _____

3.2 Die kleinste onewe getal _____

3.3 Die grootste onewe getal _____

3.4 Die kleinste ewe getal _____

Vraag 4: Skat eers die antwoorde deur elke getal af te rond tot die naaste 1000.

Bereken dan die regte antwoord:

4.1 $76\ 432 + 12\ 456$

Skat deur afronding: _____

Bereken:

4.2 $35\,990 + 43\,498$

Skat deur afronding: _____

Bereken:

4.3 $84\,099 - 40\,543$

Skat deur afronding: _____

Bereken:

4.4 $90\,265 - 59\,702$

Skat deur afronding: _____

Bereken:

Vraag 5: Los die volgende woordprobleme op:

5.1 'n Sekere dam het 7 345 kiloliter (*kl*) water. Vir die dam om vol te wees, moet daar nog 6 587 *kl* water by kom. Hoeveel kiloliter is daar in die dam wanneer hy vol is?

5.2 Riaan koop 'n motor tweedehands. Die afstandsmeter van die motor staan op 8 794 km. Toe hy die motor twee jaar later verkoop, staan die afstandsmeter op 90 005 km. Hoeveel kilometer het Riaan met die motor gery?

5.3 Wat is die som van 876 en 3 856?

5.4 Wat is die verskil tussen 5 003 en 1 794?